Goeie Nuus
Good News

NOU REEDS 25 JAAR OUD!

GRATIS

Oktober 2023

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper

# GOD SE KALEIDOSKOOP

Die natuur is blomtuinvol kleure en geure! Daar is soveel verskeidenheid. Die "boek van die skepping" (Ps. 19) getuig van God se asemrowende handewerk. Die harmonie, orde, en prag dui op die kreatiwiteit en insig van 'n alwyse Skepper. Oor die eeue heen het wetenskaplikes van verskeie lande navorsing gedoen om meer en meer te leer oor hoe die natuur funksioneer. Filosowe en skrywers is besiel om die vrae van die lewe te vra in die lig van die wonderlike skepping. Hoewel ons kennis steeds groei, is daar nog so baie onbeantwoorde vrae en onontdekte horisonne! Wat 'n opwindende reis is dit nie?

Selfs die psalmdigter het sy oë na die hemele opgehef en tot die besef van God se grootheid gekom: *"Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van Sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde nie - onhoorbaar is hulle stem"* (Ps. 19:2-4).

As ons vandag na die ruimte kyk met behulp van verskeie kragtige teleskope, sien ons selfs méér skoonheid en word ons gekonfronteer met enigmas waaroor ons voorouers net kon droom. Neem byvoorbeeld ons eie sterrestelsel, die Melkweg. Die Melkweg met sy pragtige spirale huisves warm gasnewels, koue stof, en ongeveer 100 miljard sterre. Dit strek 100 000 ligjare in omvang en ons kan die beeldskone skyf daarvan in die Suidelike Halfrond met die blote oog sien. Daar is 'n pragtige, fyn netwerk van stoffilamente wat die sigbare lig vanaf die Middelpunt uitdoof. Dit sluit die Pypnewel bo die Galaktiese Middelpunt in. In die Galaktiese Middelpunt skuil daar ook 'n gravitasiekolk met 'n massa van 4 miljoen sonne. Nog 'n voorbeeld is die twee sterrestelsels wat besig is om 'n botsing te ondergaan. NGC 1316 is 'n enorme, elliptiese sterrestelsel met donker, werwelvormige stoffilamente wat gewoonlik net in spiraalsterrestelsels gevind word. Hierdie stelsel, wat 75 miljoen ligjare van ons af is, het dus ander kleiner spiraalstelsels 'ingesluk'. Dit lyk kompleet soos 'n dinamiese, modernistiese skildery of patrone wat 'n mens in die uitgestrekte strande van die Skeletkus in Namibië sou aantref...

Dan is daar die planetêre newel, NGC 6369, wat in die agtiende eeu deur William Herschel ontdek is. Dit is so genoem omdat die voorwerp rond is en soos 'n planeet deur eertydse teleskope gelyk het. Dit is egter die gevolg van 'n ontploffing waar die buitenste lae van 'n rooireus na die buitenste ruimte uitgeskiet is, en die kern van die ster gekrimp het tot 'n witdwerg. Die witdwerg straal ultravioletstrale uit wat op hul beurt die omringende gas ioniseer. Die gaswolk gloei dan in verskillende kleure a.g.v. die geïoniseerde suurstof, waterstof en stikstof wat in hierdie gaslae voorkom.

'n Laaste voorbeeld van die wondere wat in die ruimte op ons wag: Ons buursterrestelsel, Andromeda, is 2 miljoen ligjare vanaf ons geleë. Op maanlose aande is dit met die blote oog sigbaar. Dit is 'n enorme spiraalstelsel wat 200 000 ligjare beslaan. Daar vind ook stervorming plaas, en die Andromeda-stelsel produseer ongeveer een sonmassa per jaar teenoor die Melkweg se 2 - 5 sonmasses per jaar. Hierdie twee sterrestelsels mag dalk in die verre toekoms bots en saamsmelt.

Al bogenoemde ontdekkings en nog vele, vele ander vul ons met diepe verwondering. Dit is só groot, só ver, só interessant, só onbekend, só pragtig... Dit is inderdaad 'n kaleidoskoop van kleure, gasse en massas wat ons begrip te bowe gaan. Maar daar is ook 'n innerlike wêreld waar ons 'n verskeidenheid van gevoelens en emosies aantref: liefde, haat, woede, wroeging, jaloesie, hartseer, vrede, tevredenheid, vergenoegdheid, blydskap. Dit is ons innerlike kaleidoskoop. Net soos in die natuur, is daar 'n verskeidenheid van elemente aanwesig, sommige haas onbegrypbaar. Kom ons kyk na Bybelse voorbeelde van hierdie emosies, maar veral toegespits op die aardse lewe van Jesus soos beskryf in die Evangelies.


*Planetêre Newel NGC 6369 © Hubble Heritage Team, NASA*

## 1. WOEDE

### 1.1 Die Reiniging Van Die Tempel

Ons lees in Johannes 2:13-17 die volgende: *"En die pasga van die Jode was naby, en Jesus het opgegaan na Jerusalem. En Hy het in die tempel gevind die wat beeste en skape en duiwe verkoop, en die geldwisselaars wat daar sit. En Hy het 'n sweep van toutjies gemaak en almal uit die tempel uitgedrywe, ook die skape en die beeste, en die kleingeld van die wisselaars het Hy uitgegooi en hulle tafels omgekeer. En vir die duiweverkopers het Hy gesê: Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie. En Sy dissipels het onthou dat daar geskrywe is: Die ywer vir U huis het My verteer."*

Dit was die tyd van Romeinse okkupasie. Romeinse muntstukke was oral te kry, omdat hulle geldstelsel die amptelike een was. Maar die voorgeskrewe tempelbydrae moes 'n Joodse halfsikkel wees (Eks. 30:11-16). Dit het 'n ongemaklike probleem veroorsaak. Dieselfde het met die offerdiere gebeur: twee duiwe is vir 'n bepaalde offer voorgeskryf (Lev. 14:22), of dan lammers, ens. Pelgrims en reisigers van baie ver sou dit uiters gerieflik vind om die offerdiere sommer direk by die tempel te kon koop as om hulle al die pad saam te vervoer. Hier was dus 'n besigheidsgeleentheid wat ook tegelykertyd 'n diens aan die getroue pelgrims was: om geld om te ruil en offerdiere te voorsien. Maar gou het dit in 'n bedrogspul en uitbuitery ontaard. Jesus het die geldwisselaars as "diewe" bestempel! Ons sien dus Jesus se geregverdigde woede teen onreg, woekerwins, uitbuiting en verdrukking, asook Sy ywer en passie vir God se Koninkryk. **Mag Hy ons ook help om teen onreg op te staan en met**

*Vervolg op p. 4*

# DIE WONDER VAN GOD SE OPENBARING

**Gesin aangeval deur vier rowers!** Hulle word deur boewe in hulle motor geboender saam met al die gesteelde goedere. Die rit duur 45 minute. Daarna word hulle beveel om uit die motor te klim.

Intussen vrees die ontvoerdes vir hulle lewe, maar hulle bid en ontdek die krag van die "Onse Vader." Die man bid: "En verlos ons van die bose." Skielik kom daar 'n ommekeer! Die rowers stof die mense se motor af met lappe, gee hulle goedere sowel as die man se beursie terug met alles daarin - tot al sy geld - en behandel hulle skielik met groot respek.

Daarna soebat die rowers die gesin om asseblief te ry, en word hulle ook met padaanwysings voorsien om by hulle huis uit te kom. God het 'n geweldige wonderwerk vir húlle wat geglo en Hom in die nood aangeroep het, gedoen! Dit sluit ons almal wat tot Hom roep ook in! Hy is 'n God van wonderwerke.

Daar is ook die getuienis van 'n jong vrou wat 'n rower met haar motor tydens 'n aanval omry. Weer eens bid sy en die Here gee uitkoms! En sy getuig daarvan op talle nuuskanale.

Die hoof van Maroela Media vertel: "My ma-hart bewe, maar God het 'n plan." En dan vertel sy (met foto's) hoe haar seun van 14 deur 'n motor omgery is: "Sy kop het die windskerm gebreek en sy knie die motor se lig. Hy het bo-oor die kar gevlieg en op sy elmboog en ribbes geland." Géén skedelbreuke, géén beenbreuke! Sy ma vertel hoe sy aan Psalm 91:11-12 gedink en dit gebid het. "Ek is dankbaar vir die wonderwerk wat ons beleef het! Ek glo God het 'n plan met my seun se lewe - ons weet dit al vandat hy klein is." Daarom getuig sy sonder ophou oor God se ingryping.

Daar vind vandag nog talle wonderwerke plaas. Dit het nie net in die Bybelse tyd gebeur nie, want God is nog dieselfde - Hy verander nooit! En die wat Hom soek, sal Hom vind. Maar Wie is Hy? Hoe kan ons Hom ken? Hy sal Homself deur wonderwerke openbaar aan die wat Hom soek.

### DIE VOLHEID VAN GOD SE BETROKKENHEID BY DIE MENS WORD IN JESUS CHRISTUS GEOPENBAAR

In Filippense 3:5-11 beskryf Paulus sy lewe, sy agtergrond, sy opleiding. Dit alles was egter nie genoegsaam om hom te red en in sy geestelike behoeftes te voorsien nie. Hy het tot die volgende slotsom gekom: *"Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag. Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van Wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry"* (Fil. 3:7-8). Nogeens lees ons, *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus"* (Fil. 3:14).

Paulus sny hier baie wyd. Alle menslike redenasies, alle filosofieë van die heidene en Jode, Joodse waninterpretasies en byvoegings tot die Wet en menslike denkpatrone wat nie op die Woord gegrond is of deur die Heilige Gees ingegee is nie, verwerp hy, sodat hy Jesus - God se volle openbaring - kan ken. Al hierdie dinge wat nie waarde tot sy saligheid kon toevoeg nie, verwerp hy. Hy beskou dit as drek en sê: *"Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is."*

### WIE WAS PAULUS?

Die *Life Application Bible* stel dit so: "No person apart from Jesus Himself shaped the history of Christianity like the apostle Paul. Even before he was a believer, his actions were significant. His frenzied persecution of Christians following Stephen's death got the Church started in obeying Christ's final command to take the Gospel worldwide. Paul's personal encounter with Jesus changed his life! He never lost his fierce intensity, but from then on it was channelled for the Gospel... God did not waste any part of Paul - his background, his training, his citizenship, his mind, or even his weaknesses. **Are you willing to let God do the same with you? You will never know all He can do with you until you allow Him to have all that you are!"** Dit beteken algehele oorgawe (total commitment)! Ook vir jou en my.

Paulus skryf die meeste van sy sendbriewe terwyl hy in die tronk sit onder vervolging, verdrukking, lyding, slae. Sy hooffokus van die sendbrief aan die Filippense is blydskap wat kom vanweë Sy verhouding met Jesus, en dit terwyl hy vervolg word! En hier raak hy net één aspek aan van die vrug van die Heilige Gees wat in hom woon. Daar is ook nog die negevoudige vrug van die Heilige Gees wat voortdurend in elke gelowige woon: *"Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing."* En hierdie vrug is onafhanklik van ons omstandighede.

Ons kan ook op 'n wonderlike wyse hierdie vrug beleef wanneer ons Jesus ken en in 'n verhouding met Hom staan. Gaan op jou knieë, omhels dit, want dit is nie iets wat jy uit eie krag kan produseer nie. Selfs in jou krisis en lyding is die Heilige Gees inwonend in jou. Jesus sê: *"Bly in My soos Ek in julle"* (Joh. 15:4).

Om Jesus beter te leer ken, moet jy die Woord in jou lewe toepas:

- Bid en bely die Woord gedurig. Bv. *"Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld"; "Niemand sal julle uit My hand ruk nie"; "Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie";*
- Belééf God gedurig deur voortdurend met Hom in gesprek en in gebed te bly, waar jy ook al mag wees. Dink byvoorbeeld aan Paulus en Silas in die tronk, Petrus in die tronk, Johannes op Patmos, die martelare tydens die eerste 300 jaar van die Kerk, en die aanvalle van Satan in ons moderne tyd.
- Paulus skryf: *"Wandel deur die Gees dan sal julle nooit die begeerlikhede van die vlees volbring nie"* (Gal. 5:16).

Ons moet God soek, sodat ons Sy volle openbaring in ons lewe kan beleef. Jesus sal ons dan leer oor Wie Hy is. Kyk byvoorbeeld na Sy sewe "Ek is"-uitsprake:
*"Ek is die brood van die lewe"* (Joh. 6:36);
*"Ek is die lig van die wêreld"* (Joh. 8:12);
*"Ek is die deur van die skape"* (Joh. 10:7);
*"Ek is die goeie Herder"* (Joh. 10:11)
*"Ek is die opstanding en die lewe"* (Joh. 11:25);
*"Ek is die weg die waarheid en die lewe"* (Joh. 14:6);
*"Ek is die ware wynstok"* (Joh. 15:1).

Bogenoemde openbaringe van Jesus se karakter sluit aan by Eks. 3:14, *"En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur."* Die Griekse woorde vir "Ek is", ook in die Griekse vertaling van die Ou Testament, is *egō eimi*, wat letterlik beteken *Ek, Ek is.* Dus is Jesus die volle openbaring van God aan die mens, wat ook daartoe gelei het dat Paulus alles verlaat het om die volheid van Jesus te verkry!

Bid hierdie Woord. Maak dit jou eie. Leef dit elke dag! Ons is almal op pad na die volheid in Jesus! Leef uit God se wonderwerke elke dag. Sy volheid word stuk vir stuk deur Jesus aan ons geopenbaar namate ons kapasiteit verkry om dit te absorbeer. Jesus sê vir Sy dissipels: *"Nog baie dinge het Ek om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou bevat (bastazō) nie."* Laat ons God soek deur gebed en afsondering en meer en meer van Hom leer. Hy sal Homself aan ons openbaar. Dan moet ons in hierdie openbaring leef en groei in die vrug van die Gees.
*© Dr JJ Venter*

## GOD'S PROMISES NEVER FAIL

No person, disaster, setback or even the devil can ever get you out of the will of God. The only person who has the ability to keep you from God's plan for your life is YOU!

The way you respond when you are mistreated can get you off course, or it can position you to step into your God-given destiny!

Let Joseph's words be a reminder to you that even when our plans fall apart, God can turn it around for good: *"You intended to harm me, but God intended it for good to accomplish what is now being done, the saving of many lives"* (Genesis 50:20).

I want to encourage you today to remember that the promises of God NEVER fail. Our plans may fail and our dreams may be put on hold. But when we continue to obey the Lord, no matter what the circumstances might be, we are still positioned for victory in the end!
*- Selected*



# 'n Sagte Plekkie vir Skaapwagters



*"Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het"* (Genesis 50:20, NV).

God het 'n sagte plekkie vir skaapwagters, of hoe? Die Goeie Herder gebruik regdeur die Bybel skaapwagters om Sy bevele uit te voer en Sy wil te volbring.

Een van die beroemdste jong skaapwagters wat sy pa se skape opgepas het, word beskryf as iemand met 'n rooi gelaatskleur, mooi oë en 'n goeie voorkoms; 'n man na die Goeie Herder se hart; 'n man wat die reus, Goliat, verslaan het. Uiteindelik het Dawid, seun van Isai, die koning geword van Israel, uit wie die Koning van konings, die Koning van alle heerlikheid, gebore sou word.

In die tyd van die Ou Testamentiese patriarge was daar nog een wat gehelp het om na sy pa se skape om te sien. Een wie se broers hom verraai het om 'n veel groter plan te vervul. Josef het 'n belangrike persoon in Egipte geword en hy het dit uiteindelik moontlik gemaak vir die weersinswekkende skaapwagters uit Kanaän om hulle in Gosen, die beste deel van die land, te vestig. Dit is nou "groen weivelde" as daar al ooit was! Ten spyte van die verraad en lyding wat Josef moes verduur, was God se plan ten goede.

Goedheid en die beeld van 'n skaapwagter loop hand aan hand. Genesis 50:20 stel dit duidelik: *"Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het."*

Ons staan in verwondering wanneer ons aan die skaapwagters dink wat daardie nag oor hulle skape wag gehou het en van die eerstes was wat van die geboorte van die Herder gehoor het. En die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn!

Die Goeie Herder is gebore en het na hierdie wêreld gekom om Sy skape vry te stel van die tirannie van die sonde en van die skade wat dit in hulle lewens aanrig.

Die Herder en Verlosser van ons siele het Sy skape lief. Hy het die Offerlam geword ter wille van Sy skape, maar voor dit was Hy soos een van hulle. God het mens geword - Immanuel. Hy het geweet dat die mensdom soos skape afgedwaal het. Hulle het 'n Skaapwagter nodig gehad.

In Matteus 9:36 lees ons dat toe Jesus *"die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie."*

In die wêreld waarin ons vandag leef, is dit maklik om moeg en hulpeloos te voel. Miskien benodig ons in hierdie onstuimige tye die Herder nog meer. Die Goeie Herder is steeds die Een wat ons lei, beskerm en verlos!

Gebed: Dankie dat U die Herder van ons siele is en dat U na hierdie wêreld gekom het om vir ons die Offerlam te word. Amen.

*- Imogen Campbell, Vers-'n-dag*

# MMILA GO YA LEGODIMONG

## (The Highway to Heaven)




### DITEMANA

Go tla nna mmila o mogolo teng le tsela e e bidiwang tsela e e boitshepo. Ga e na go gatwa ke ope yo o kgotlelegileng. Ke ya bone ba ba tsamayang mo go yona; mme le fa e le masilo, ga a nke a timela. Go tla bo go se na tau teng; dibata tse di garolang, ga di kitla di e gata, le e seng go fitlhelwa teng, mme ba ba pholositsweng ba tsamaya mo go yona. Ba ba rekolotsweng ba Morena ba tla boa, ba fitlha mo Sione ka tuduetso. Boitumelo jo bo sa khutleng bo tla okama ditlhogo tsa bone. Ba tla nna mo boitumelelong le mo lethabong. Bohutsana le diphegelo di tla tshabela kgakala (Jesaya 35:8-10).

Latlhelang matshwenyego otlhe a lona mo go one, gonne lo tlamelwa ke one. Nnang tekano lo itise; gonne Diabolo, moganetsi wa lona, o kgarakgatshega jaaka tau e e dumang, a batla yo a ka mo metsang (1 Petero 5:7-8).

Modimo ke lesedi. Ba ba sa tsamaeng mo leseding ga ba na kopano nao Molaetsa o re o utlwileng mo go ene, o e bileng re o lo begela ke wa go re: Modimo ke lesedi, mme ga go na lefifi lepe mo go ona. Fa re re, re na le kopano le ona, mme re tsamaya mo lefifing, re a aka, ga re dire boammaaruri. Mme fa re tsamaya mo leseding jaaka ona o le mo leseding, re na le kopano mongwe le yo mongwe, e bile madi a ga Jesu Keresete, Morwaa-ona, a re itshekisa boleo jotlhe (1 Johane 1:5-7).

### DIKAKANYO

Mo bophelong go na le tsela e o ka e tlhophang. O ka tlhopha go tsamaya tsela e e ka go isang kwa diheleng kgotsa tsela e e ka go isang kwa bophelong jo bo sa khutleng. Tsela ya ntlha ke tsela ya lefifi le tsela e e ratiwang ke batho ba bantsi. E monate mme e na le menate ya lefatshe. Bojalwa, boaka, maaka le bogodu. Tsela ya lefifi. Fa o tlhopha go amogela Jesu go nna mopholosi wa gago mme o dumela se se diragetseng mo sefapaanong o tlhopha go palama tsela ya lesedi le nnete le lerato.

Mo o ka tsamaya le Jesu. O ka tsamaya le Mowa o o Boitshepo mme bekere ya gago a tla tladiwa ka ditshegofatso mme e ka penologa. Mathata a mantsi fa o sa tsamaye tsela ya lesedi. Temana ya re: "Diabolo, moganetsi wa lona, o kgarakgatshega jaaka tau e e dumang, a batla yo a ka mo metsang." Tsela ya lesedi e e tsamaiwang le Jesu ke tsela e e siameng. Temana ya re: "Go tla bo go se na tau teng; dibata tse di garolang, ga di kitla di e gata, le e seng go fitlhelwa teng, mme ba ba pholosi-tsweng ba tsamaya mo go yona." A wena o tsamaya mo tseleng ya ga Jesu ya lesedi kgotsa o tsamaya mo tseleng ya Diabolo. Fa o buisa mo go raya gore o santse o phela mme o santse o na le tšhono ya go sokologa le go fetola tsela e o leng mo go yone. Se emele ka moso. Rapela, bua le Jesu, bua le mongwe kgotsa Moruti yo a ka go thusang.



*Johan Zerwick*
*Sêlê ke 083 458 3837*

### THAPELO

Morena re go kopa gore o re thuse re kgone go phela ka lerato le ka mokgwa o o siameng. Re kopa o re thuse gore re phepafatse le dibekere, maphelo a rona, gore re kgone go tshelelwa ditshegofatso. Re thuse gore re tshegofatse le batho ba bangwe fa bekere ya rona e penologa.

Re thuse re se tswe mo tseleng le mo leseding gore re tswelele mo tseleng e e siameng. Re itshwarele dilo tse re di dirileng le tse re santseng re di dira, le dilo tse dingwe tse batho ba sa di itseng tsa sephiri. Re kopa gore o romele Mowa o o Boitshepo go re thusa le go re kaela tsela. Re leboga ka o re kaetse tsela mme wa re e bulela ka sefapaano. AMEN.

# GOD SE KALEIDOSKOOP

*Vervolg van p. 1*

**morele moed die verkeerde uit te wys en dit teë te staan.**

### 1.2 Genesing van 'n Man op die Sabbatdag

**Ons lees voorts in Markus 3:1-6 van Jesus se woede en hartseer oor die geveinsdheid en onopregtheid van sommige geestelike leiers: *"Hy het weer in die sinagoge gegaan, en dáár was 'n man met 'n verdorde hand. En hulle het Hom in die oog gehou, of Hy hom op die sabbat gesond sou maak, sodat hulle Hom kon aankla. En Hy sê vir die man met die verdorde hand: Staan op in hul midde. Daarop sê Hy vir hulle: Is dit geoorloof om op die sabbat goed of kwaad te doen, 'n lewe te red of dood te maak? Maar hulle het stilgebly. En nadat Hy hulle rondom met toorn aangekyk het en tegelykertyd bedroef was oor die hardheid van hulle hart, sê Hy vir die man: Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en sy hand is herstel, gesond soos die ander een. Toe gaan die Fariseërs uit en hou dadelik raad met die Herodiane teen Hom, sodat hulle Hom sou kan ombring."***

**Is dit nie ironies nie dat dieselfde Fariseërs wat so pligsgetrou die wet onderhou het en moord sou veroordeel as onwettig, Jesus se dood juis op die sabbat beplan het? Net vantevore het Hy hulle gevra of dit geoorloof is om goed of kwaad te doen, 'n lewe te red of dood te maak op die sabbat. Hulle het Sy vraag negatief beantwoord met hul geveinsde en rebelse optrede. Woorde was nie nodig nie, hul dade het baie duidelik gespreek!**

### 1.3 Blinde Fariseërs

**In Matteus 23 lees ons hoe Jesus die Fariseërs berispe in 'n hete gesprek. Hy wys die volgende uit:**

- **'n Gebrek aan integriteit - hulle leer en spreek goeie dinge, maar doen dit self nie.**
- **Misbruik van mag en godsdienstige outoriteit - hulle laat mense skuldig voel en vrees, maar is self bo hul mensgemaakte reëls verhewe.**
- **Hulle moes God verteenwoordig, maar weerspieël 'n verwronge beeld en dryf 'n wig tussen mense en God in.**
- **Hulle neem eer vir hulself, eerder as om dit aan die Vader te gee.**
- **Eerder as om dienaars te wees, wou hulle aanbid en geëer word.**
- **Hulle staan in die pad van mense om by God uit te kom, en is self eintlik ongelowig, hardvogtig en rebels, ten spyte van die valse beeld wat hulle probeer uitstraal dat hulle God getrou gedien het.**
- **Hulle is geveinsd, vol valsheid en oneerlikheid.**
- **Hulle het 'n valse teologie aangehang.**
- **Hulle fokus op nietighede en laat die grootste en belangrikste dinge na.**
- **Hulle het hulself geregverdig: hulle bou die grafte van die profete en distansieer hulle van hul vaders se sondes; hulle is egter op die punt om die grootste Profeet te kruisig!**

**Voordat ons te gou onsself skaar aan Jesus se kant en die skynheilige Fariseërs hewig veroordeel, moet ons baie seker wees om die hand in eie boesem te steek en onsself deeglik te ondersoek. Ons is gewoonlik gou om die foute van ander raak te sien, maar baie stadig en onwillig om ons eie swakhede en sondes te erken. Dit is net deur God se genade as ons sonde kan oorwin en Sy Heilige Gees se vrug kan uitdra.**

## 2. VREUGDE

### 2.1 "Ek loof U, Vader"

**Ons sien in Lukas 10 hoedat Jesus hom verheug het in die Gees: *"Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan... Die twee en sewentig het vol blydskap teruggekom en gesê: 'Here, selfs die bose geeste onderwerp hulle aan ons by die hoor van U Naam.' Toe sê Hy vir hulle: 'Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val. Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen. En tog moet julle nie bly wees net omdat die geeste hulle aan julle onderwerp nie, maar wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is.' By daardie selfde geleentheid het Jesus deur die Heilige Gees dit uitgejubel: 'Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit U genadige bedoeling'"* (Lukas 10:1,17-21 NV).**

**Jesus verheug Hom oor:**

- **Die oorwinning van die Koninkryk van Lig oor die Koninkryk van Duisternis.**
- **Die Vader se wil - dat Sy Koninkryk op aarde gevestig word en geestelike redding vir mense moontlik maak.**
- **Die Vader se Self-openbaring van Sy Persoon en Karakter.**
- **Die Vader se genade wat aan gewone mense toegang gee tot Sy Teenwoordigheid.**
- **Jesus se unieke verhouding met die Vader en Sy unieke roeping om God se meesterplan van saligheid tot uitvoer te bring.**

### 2.2 Die Messiaanse Psalms

**Ons sien verder dat Jesus diepe vreugde beleef het in die sogenaamde Messiaanse Psalms. Hierdie psalms word op verskeie plekke in die Nuwe Testament aangehaal en is direk van toepassing op Jesus gemaak deur die Bybelskrywers. *"You have loved righteousness [You have delighted in integrity, virtue, and uprightness in purpose, thought, and action] and You have hated lawlessness (injustice and iniquity). Therefore God, [even] Your God (Godhead), has anointed You with the oil of exultant joy and gladness above and beyond Your companions"* (Hebrews 1:9 AMPC).**

**Ons sien ook in Handelinge 2:25 dat Psalm 16:8-11 aangehaal word: *"Ek stel die Here altyddeur voor my; omdat Hy aan My regterhand is, sal ek nie wankel nie. Daarom is My hart bly en My eer juig; ook sal My vlees in veiligheid woon; want U sal My siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat U gunsgenoot verderwing sien nie. U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor U aangesig, lieflikhede in U regterhand, vir ewig."* Jesus het oneindige vreugde daaruit geput om die Vader se wil te doen en Sy roeping te vervul.**




### 2.3 Die Goeie Herder Verheug Hom Wanneer Verlorenes Gered Word

**Die metafoor van die Goeie Herder is welbekend en 'n geliefde beeld van Jesus. Dit verwys na Jesus wat verlorenes kom soek het en gered het. Waaroor het Jesus Hom verheug? Oor een en elke siel wat gered word! *"Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is. Wat dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle verdwaal, sal hy nie die negen-en-negentig laat staan en op die berge die verdwaalde een gaan soek nie? En as hy hom kry, voorwaar Ek sê vir julle dat hy blyer is oor hom as oor die negen-en-negentig wat nie verdwaal het nie. So is dit nie die wil van julle Vader wat in die hemele is, dat een van hierdie kleintjies verlore gaan nie"* (Matt. 18:11-14).**

**In Hebreërs 12 sien ons ook 'n prentjie van Jesus wat alle pyn en lyding deurstaan het omdat die roepingsprys oneindige vreugde vir Hom beteken het: *"Therefore then, since we are surrounded by so great a cloud of witnesses [who have borne testimony to the Truth], let us strip off and throw aside every encumbrance (unnecessary weight) and that sin which so readily (deftly and cleverly) clings to and entangles us, and let us run with patient endurance and steady and active persistence the appointed course of the race that is set before us, looking away [from all that will distract] to Jesus, Who is the Leader and the Source of our faith [giving the first incentive for our belief] and is also its Finisher [bringing it to maturity and perfection]. He, for the joy [of obtaining the prize] that was set before Him, endured the cross, despising and ignoring the shame, and is now seated at the right hand of the throne of God"* (Heb. 12:1-2 AMPC).**

### 2.4 Hy deel Sy Vreugde met Ons

**Die grootse wonder is dat Jesus ook Sy oorvloedige vreugde met óns deel! *"If you keep My commandments [if you continue to obey My instructions], you will abide in My love and live on in it, just as I have obeyed My Father's commandments and live on in His love. I have told you these things, that My joy and delight may be in you, and that your joy and gladness may be of full measure and complete and overflowing"* (Joh. 15:10-12 AMPC).**

## 3. BENOUDHEID EN ONTSTELTENIS

### 3.1 Instelling van die Nagmaal

**Tydens die laaste ure voor Jesus se kruisiging het Hy geweldige teëstand en emosionele pyn onder-**

*Vervolg op p. 5*

# GOD SE KALEIDOSKOOP



*Lasarus het opgestaan!*

Vervolg van p. 4

vind. Hy het geweet dat een van Sy binnekring Hom sou verraai, en dit het Hom hewig ontstel. *“'Ek praat nie van julle almal nie; Ek weet wie Ek uitgekies het. Maar die Skrif moet vervul word: 'Hy wat van my brood eet, het My in die rug gesteek.' Ek sê dit nou al vir julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat Ek is wat Ek is...' Na hierdie woorde het Jesus* ***hewig ontsteld*** *geword en openlik verklaar: 'Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verraai.'”* (Joh. 13:18,19,21).

### 3.2 Tuin van Getsémane

Nog feller was die aanslae soos wat die kruisiging nadergekruip het. *“Jesus het die stad verlaat en volgens gewoonte Olyfberg toe gegaan, en Sy dissipels het Hom gevolg. Toe Hy op die plek aankom, sê Hy vir hulle: 'Bid dat julle nie in versoeking kom nie.' Hy het Hom toe van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebid: 'Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie My wil nie maar U wil geskied!' 'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. Hy het in* ***doodsangs*** *geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos* ***bloeddruppels*** *geword wat op die grond val”* (Luk. 22:39-44 NV).

Ons sien hoe die Sondelose sonde vir ons geword het (2 Kor. 5:21). Die straf wat vir ons die vrede gebring het, was op Hom (Jes. 53:5). Hy wat ononderbroke gemeenskap met die Vader gehad het, is op die kruis verworpe. In die tyd van Sy grootste beproewing het Hy alleen gestaan, van alle familie, vriende en kennisse verlate. En boonop was dit God se wil dat Hy hierdie geweldige lydensbeker moes drink!

In ons eie lewens bevind ons onsself soms in 'n Getsémane - 'n plek van benoudheid, onsekerheid en pyn. Dit is hier waar ons aan God se wil moet oorgee en moet vertrou dat Hy ons deur alles sal lei, en dat Hy alle dinge vir ons ten goede sal laat meewerk (Rom. 8:28). Dit is ook die boodskap wat so mooi in die volgende gedig (gedeeltelik aangehaal) vervat word:

**GETHSEMANE**

In golden youth, when seems the earth,
A summer land for singing mirth,
When souls are glad, and hearts are light,
And not a shadow lurks in sight.
We do not know it, but there lays
Somewhere, veiled under evening skies,
A garden all must sometimes see,
Gethsemane, Gethsemane,
Somewhere his own Gethsemane.
...
All those who journey soon or late,
Must pass within the garden's gate;
Must kneel alone in darkness there,
And battle with some fierce despair.
God pity those who cannot say:
“Not mine, but thine;” who only pray,
“Let this cup pass;” and cannot see
The purpose in Gethsemane.
Gethsemane, Gethsemane,
God help us through Gethsemane.

- Ella Wheeler Wilcox

## 4. MEDELYE

### 4.1 Lasarus se Dood

Wanneer ons Jesus se portret in die Evangelies bestudeer, sien ons by uitnemendheid dat Hy medelye met mense gehad het. Die verhaal van Lasarus wys dit so duidelik uit: *“'n Man met die naam Lasarus was siek. Hy was van Betanië, die dorp waar Maria en haar suster Marta gewoon het. Maria was die vrou wat met reukolie die Here gesalf en Sy voete met haar hare afgedroog het. Dit was haar broer Lasarus wat siek was. Die susters het iemand na Jesus toe gestuur om te sê: 'Here, hy vir wie U lief is, is siek.' ... Toe Maria daar aankom waar Jesus was en Hom sien, het sy by Sy voete gekniel en vir Hom gesê: 'Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie.' Toe Jesus sien dat Maria huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil, het sy* ***gemoed vol geskiet*** *en was Hy* ***aangedaan...*** *Jesus het gehuil”* (Joh. 11:1-3, 32-35 NV).

Ek het al in die verlede gewonder: Is dit moontlik? “Hy vir wie U lief is, is siek.” Hoe kan siekte verwoesting saai in die lewe van God se geliefdes? Hoekom gryp God nie dadelik in nie? Maar ons lewe in 'n stukkende wêreld, geskend deur sonde. En God se tyd is nie altyd ons tyd nie.

Waarom het Jesus gehuil? Juis oor die pyn en ontnugtering van hierdie wêreld, die wonde wat sonde geslaan het, die ongeloof van mense, die verslaentheid van gelowiges, die skreiende pyn. Hy sou dit alles kom verander met Sy dood en vir ons die hoop bring dat God eendag alle trane sal afvee. Dit was Sy lewenstaak om die Allerheiligste se voorhangsel te skeur en die deur na die volmaakte vryheid en toegang tot God vir ons oop te maak: *“Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur Sy liggaam”* (Heb. 10:19-20).

### 4.2 Die Weduwee van Nain

